

BEROEPENUUS— (28 Julie 2013)**Beroepe ontvang**

Ds. CJ van Heyningen van Stellenbosch na Rietvallei as medeleraar

Ds. Landman Vogel, predikant van die Gerf kerk Walvisbaai is Maandag aan pankreaskanker oorlede. Sy familie en geliefdes word die troos van die Heilige Gees toegebid. Hy is op Vrydag 26 Jul in Walvisbaai begrawe. Op 29 Jul 2013 om 14h00 sal daar ook in Pretoria 'n troosdiens wees by die Gerf kerk Rietvallei

WAT BETEKEN DIE KERK VIR U – JA Breytenbach- Vervolg van verlede week

Die ware kerk van Christus is nie 'n verborge saak wat vir die oog versteek is agter 'n sigbare instituut of organisasie nie. Die ware kerk word uitgeken: wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf - en gaan die NGB voort – wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken.

Hoe sal ons dan Christus en sy werk bely, maar oor sy kerkwerk swyg? As ons belydenisskrifte werklik uitdrukking is van ons geloof, sal ons die ware kerk herken, en ons daarby aansluit, en ons nie laat bind deur die valse kerk wat aan homself en sy besluite meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God nie. Ongehoorsaamheid bedreig Christus se kerk. *Word vervolg*

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help

deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is muriel@muriel.co.za. Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

GEMEENTEKAMP— Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennisgewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak— 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

29/07— Rinus Plomp 0834685214	02/08— Henry Foster 0823772108
29/07— Malinda Raath 0799405727	02/08— Theuns Kruger 0842153275
30/07— Mariana Putter 0722237360	03/08— Adrianus Coertze 0824527070
30/07— Adriaan Schutte 0724080669	03/08— Maria Grobler 0836560248
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Die mooiweer sal jou nie beskadig omdat jy jou jas en sambreel verniet saamgeneem het nie —CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF

www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za

Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173



28 Julie 2013

EERSTE EREDIENS—(9h00)

Skriflesing: Genesis 26:12-35

Teks: Genesis 26:12,18,22,25

Sing: Ps. 48:4,5; Ps. 86:6; Ps. 42:5,7; Ps. 45:1,2,9

GROND-PUTTE VAN DIE VERLEDE

Vandag hoor ons weer van grond-realiteite, harde boerdery-realiteite. Dit gaan ook oor water en mense...

Van Isak lees ons – *hy het toe in dié land gesaai en daardie jaar honderdvoudig gewen, want die Here het hom geseën.*

1. Krag en voorbeeld van 'n vredemaker
2. Die betekenis van die putte van die verlede
3. Die belangrikheid van prioriteite

KATKISASIE— Katkisasie gaan voort

TWEEDE EREDIENS— (ná katkisasie)

Skriflesing: Psalm 130;

Johannes 13:21-30

Kategismus: Sondag 30

Teks: Psalm 130:3,4; Johannes 13:30

Sing: Ps. 122:1,2; Ps. 5:1,7; Ps. 130:3,4

PELGRIMSGANGERS EN NAGMAALGANGERS

Ons het uit die “beweeg”- psalms gelees, want Psalm 130 is deel van die liederes – skat wat die volk Israel gesing het, as hulle optrek is na Jerusalem. Vanaf Psalm 121 begin elke Psalm as 'n bedevaartslied, of dan ook 'n pelgrimslied, m.a.w. hierdie is mense wat na God se heilige stad en tempel opbeweeg, om God te ontmoet.

Terwyl die skare opbeweeg na Jerusalem het die skrywer van Psalm 130 dan ook die psalm geskryf.

1. Ons kyk na die pelgrimsganger.
2. Daarna die Nagmaalsganger.
3. En in die laaste plek – Ons trek op na die Here

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tetto1>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruielofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

Vandag-Wyke 25 en 1
Ouderlinge: Willie J/van Rensburg en Deon Vosloo
Diakens: Marinus Lorist en Chris Putter

Volgende Sondag– Wyke 2 en 4

Ouderlinge: Kooos van der Merwe en Pieter van der Dussen
Diakens: Francois Keulder

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Br Piet van der Kooi wie se gesondheid heelyd ernstige kommer wek word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Dries de Ridder** word aan die genadetroon van die Here opgedra en volle herstel toegedebid, in die toetse en behandeling wat hy ontvang. **Br Jan Fanoy** moet DV op 20 Aug. 'n operasie ontvang om baie vroeë kwaadaardigheid te verwyder. Ons dink aan hom en gesin en bid dat die Here hom hierdeur sal dra. **Ds. Charles Zulu in Zambië se eggenote Roda** het laaste tyd baie las van haar gesondheid. Sy is weer geruime tyd in Lusaka vir behandeling. Ds. Charles moet ook vroeg in die nuwe maand vir mediese ondersoek gaan. Ons dink ook aan hulle wat daar uit ons gemeente geroep is en daar arbei. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewing. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig-kliniek. Ons dink ook aan haar.

SUSTERS-BESKUITPROJEK VIR BEJAARDE LIDMATE–

As daar nog van ons lidmate 70 jaar en ouer nie hulle beskuit-pakkies afgehaal het nie, kan u dit in die kombuis kry.

ZAMBIË– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die kerkverband sy R50 000 kerf bereik. Ons poog om 'n verdere R80 000 te verkry vir die bediening en sending-werk in Zambië 'n geskikte voertuig te verkry. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel.

<http://bit.ly/105wmGY>

As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Instand-Houding
2de diens	DVB	Instand-houding
04/08/2013 1ste diens	DVB	Zambië
2de diens	DVB	Instand-houding

Spes.-kollekte in die vooruitsig gestel

1. Op Sondag 11 Aug. 2013 word DV weer 'n spes. kollekte tydens die ere-diens vir die nood van die gelowiges in Zimbabwe opgeneem.

2. Op Sondag 15 Sept. 2013 word DV 'n spes. kollekte vir die Gerf Kerk Uitenhage by die deure opgeneem waar die gemeente baie swaarkry.

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
04/08	Diakonie-vergd
15/08	Oudl-vergd
17/08	65+ Funksie Algemene sustersvergd
18/08	Voorbereiding
25/08	Nagmaal en Nabetrugting
10/09	Finans-en Advies vergd
12/09	Kerkraadsvergd
17/09	Klassis-vergd Daspoort
20/09	Skole sluit
20-22/09	Gemeentekamp

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 5:6

5:6. Honger en dors na die geregtigheid.

In 'n preek oor hierdie saligspreking het Totius oorgeslaan van die beeld van 'n string pêrels, na die van 'n diamant. Soos die steen gedraai word, is daar 'n nuwe effek van kleure wat skitter. Elke faset bly deel van die geheel.

Die Fariseërs en Saduseërs het nie hierdie dinge geken of aan die volk geleer nie. Hulle was tevrede met net die genietinge van die teenswoordige wêreld. Die eerste groep ken nie sagmoedigheid nie. Hulle is ryk en stroef. Die tweede ken nie die Koninkryk nie, nog die troos van die Heilige Gees of die nuwe aarde. Net 'n wedergebore mens ken die inwendige eise van God se wil.

Die Ou Testament voorspel ook hierdie woorde. Jer 31:25 stel: "Want Ek verklik die vermoede siel en elke kwynende siel versagdig Ek." Ps 107:9 – "Want Hy het die dorstige siel versadig en die hongerige siel met die goeie vervul." Die geestelike verlange word bedoel, wanneer aardse teenspoed "arm" 'n geestelike betekenis gee. Eerstens ken die mens sy armoede van gees (v 3), hy treur daaroor (v 4) en is nederig voor God (v 5), en daarom ontstaan hierdie verlange na geregtigheid, wat vergelyk kan word met die liggaamlike honger wat versadig moet word.

Christus bring nou 'n brug tussen die eerste drie en laaste drie saligsprekinge. Die eerste groep gaan oor die inwendige gesteldheid en die tweede oor dade. Honger en dors wys op die innerlike, en die geregtigheid op die uitwendige openbaring daarvan.

Totius verduidelik dit aan die hand van jongmense wat hoë ideale het. Dan kom die besef van hoe hoog die "hemelkoepel en die wydheid van die wêreld om ons heen" is. Die verwagtinge stel teleur. Met bv ouerskap word die strewes aan bande gelê en nou word gewerk vir kos. Die wye verwagtinge moet op die agtergrond ter wille van "daag-likse kleinlike arbeid." Kommer of daar môre genoeg gaan wees.

Op geestelike gebied gaan dit ook ongeveer

so.

'n Mens wou eers die hele aarde wen, maar besef dat daar soveel tekorte by homself is: "Kan ek maar net gewone naasteliefde betoon?" "Hoe kan ek God behaag?"

Tog het jy nie verloor nie: "die lewe skok nou nie meer heen en weer nie; dit word in ewewig herstel; dit sak vas op 'n vaste fondament."

2. Dit is geregtigheid eerstens voor God waarna gesmag word en, eers daarna, ook voor die mense.

Wat is die geregtigheid? God se reg word in die Wet gegee, en dit is waarna gedors word. "Regverdiges" in die Woord staan dus teenoor goddeloses. Dit beteken nie dat die gelowiges nou al volmaak is nie, maar hulle ontvang van die HERE die vrymoedigheid om die beloftes aan die regverdiges vir hulself toe te eien.

Die geregtigheid lê nie in eie sondeloosheid nie, maar daarin dat die gelowiges die Wet as maatstaf besit. Die heiden leef sonder God en hy is vir homself 'n wet. God se wil word verwerp. Die Wet is nie vir hom 'n tugmeester wat hom na Christus dryf nie. Vir die uitverkorene is die Wet 'n reël van die dankbaarheid. So word in Ps 119:16, 82, 131 nie gesing oor vrees vir die Wet nie, maar liefde daarvoor.

Deur die Wet kom die verlange na die geregtigheid: "Ek, ellendige mens!" Dit is verlange na Christus wat die Wet vir ons volkome gehou het, "en wat ons deur Sy Gees gewillig en bekwaam maak om met klimmende toewyding die spoor van die reg te soek en te volg. In Christus sal die arbeid van ons siel nie ydel wees nie..." want ons sal

Versadig word – Dit lê daarin dat God ons die vermoë sal skenk om aan Sy Wet te voldoen (BVA).

In hierdie wêreld is daar nie versadiging nie. Liggaamlike honger en dors bly. So gaan dit ook geestelik. Ons gebede hieroor sal egter verhoor word: 'n lewe van elke woord wat van God kom. Reeds ervaar gelowiges "versadiging van vreugde en lieflikhede in die regterhand van God." Die maaltyd van Moses saam met die oudstes op die berg is al profeties hiervan (Ex 24:9-11) – Hulle het God gesien. Word vervolgd

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

10 Jul 1509– Johannes Calvyn gebore; 14 Jul 1904– Pres Paul Kruger oorlede; 14 Jul 1888– Pres Brand van die OVS oorlede; 17 Jul 1840– Ds. Dirk Postma die eerste keer getroud met Marijke Boukes; 18 Jul 1870– Roomse pous as onfeilbaar verklaar; 23 Jul 1853– Genl. AWJ Pretorius oorlede; 24 Jul 1866– Ds. Andrew Murray oorlede; 26 Jul 1804– Kerkerde van De Mist ingevoer; 26 Jul 1905– Eerste uitgawe van Die Burger, oudste Afrikaanse dagblad wat verskyn het met DF Malan as redakteur; 27 Jul 1863– Susanna Smit-egg van eerw. Erasmus Smit oorlede; 28 Jul 1919– Eerste Wêreldoorlog word beëindig; 29 Jul 1845– Ohrigstad word aangelê; 30 Jul 1921– SA Reserwebank word geopen; 30 Jul 1945– Dr. Anton van Wouw bekende beeldhouer oorlede;